

Skriflesing: 1 Petrus 1:1-25

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 32**

Teks: 1 Petrus 1:13

Sing- SAMESANG:

TYDENS EREDIENS:

Ons begin met Sondag 32 die derde deel van die Kategismus. Broeder en suster, dit waarvoor ons die Here dankbaar moet wees. Dadelik moet ons begin waarsku dat ons nie hier onself voor groot dwalings oopstel nie. Dit sal 'n dwaling wees om te aanvaar dat ek nou vir baie lank kon sien dit wat die Here alles gedoen het om my te verlos en nou kom ons by dit wat ons weer vir die Here moet doen vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Ons kan geen teenprestasie op die Here se werk lewer nie. Jesus het Self gesê- ...*sonder My kan julle niks doen nie* (Joh. 15:5). Die werke van dankbaarheid kan net so min sonder Christus gedoen word.

Dit is in alle geval net so min mensewerk as ons van dankbaarheidswerk begin praat as wat die verlossingswerk mensewerk kon wees. Kennis oor ons sonde en ellende is genade, kennis oor hoe ons verlos kon word is net soveel genade, maar om werklik daarvoor dankbaar te wees is net genade, genade alleen. Dit is alleen danksy God se genade dat ons dankbaar kan wees. Ons kan in wat die Kategismus vir ons hier duidelik maak dit met 'n boom vergelyk. 'n Boom om boom te wees, het dit wortels nodig, daar moet 'n stam wees, daar moet takke wees. Die een kan nie sonder die ander nie. Hoe dieper die wortels gaan, hoe dikker word die stam, en hoe dikker die stam kan wees, kom daar al hoe meer takke, al hoe meer takke om al hoe meer vrug te dra. Die diepe wortelbesef van hoe groot my sonde en ellende is, gee die volle omvang van ons verlossing waar ons net op die stam Christus ingeënt kon word, maar ons kan as takke op die stam geënt nie stilbly oor wat verder met ons gebeur nie.

Ons word na die beeld van Christus vernuwe en daarom word ons ook geroep tot goeie werke. Die roeping gaan nog verder. God maak ons bekwaam om die goeie te doen. Dit wat 'n gawe is word nou ook 'n opgawe. Om in Christus deur sy bloed verlos te kon word is nie net alleen genoeg rede tot dankbaarheid nie, maar die verlossing in sy bloed gaan verder waar ons nou ook deur die Gees verlos word wat ons bekwaam maak om in dankbaarheid die goeie te wil en te kan doen. Dankbaarheid staan op geen manier los

van ons verlossing as nuwe deel van wat ons moet doen nie, trouens dit is eintlik maar net nog 'n groter onderdeel van Christus se verlossing, in wat Christus deur sy Gees van ons maak. Die vrymakende krag van Christus in sy bloed word nou die vrymakende krag van Christus in sy Gees. Die wyse en die oogmerke en die erns waarmee Christus dit alles doen word in Sondag 32 dieper en dieper ingeplant.

Die woord dankbaarheid snaaks genoeg kom in die Bybel baie min voor. In Kol 3:15 en 16 en dan ook in Hebreërs 13:28. Tog weet ons al kom die woord dankbaarheid so min in die Skrif voor, maar die saak waaroor dit handel daarvan is die Bybel vol. Ons weet dat die woord dankbaarheid eintlik van 'n Nederlandse woord kom wat beteken om te dink. Ons moet dink aan wat God vir ons geskenk het. Die *dink aan* word wat ons noem dankbaarheid. Dit wat die Kategismus hieraan dink is aan niemand minder nie, as Christus en Hom alleen. Dit wat Christus doen, dit wat Hy deur sy Gees van ons maak. Hy wat Christus is maak dat ons deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe word. Om werklik dankbaar te wees is om na die ewebeeld van Christus vernuwe te word. Ons kan dankbaar wees omdat Christus ons dankbaar maak.

Ons besef dat ten diepste het ons hier te doen met die verhouding evangelie en wet. Daar is so baie mense wat glo dat na die evangelie kom nou die wet. Dit wat Christus vir ons gedoen het, sy evangelie word gevolg deur sy Wet. Nou sal ons hoor wat Hy van ons verwag. Gestel Sondag 32 het meteens met die Wet van die Here begin van jy is nou verlos, nou moet jy 'n nuwe lewe begin. Dit sou ons nie kon doen nie, dit sou ons eintlik so ongelukkig gemaak het, maar watter genade om te besef die Wet staan nie los van die Evangelie nie. God het jou nie verlos en nou moet jy met sou prestasies antwoord nie, nee dan sou die Wet net gedeeltelik afhanklik wees van die evangelie. Die Wet sou dan 'n evangeliese basis kon ontvang maar die werklike vervulling van die Wet sou vir ons totaal en al onmoontlik gewees het.

In hierdie Sondag besef ons die Wet het nie net 'n evangeliese basis nie, maar die Wet is Self een totale stuk evangelie. Christus kom in die Wet na ons nie in die eerste plek in wat Hy van ons eis nie, maar in Sy Wet kom Hy na ons reeds ook as die groot Verlosser.

Hy sê nie vir ons, Ek het jou verlos, nou moet jy doen wat van jou verwag word nie, nee Hy doen waarlik alles. Sy Gees werk so in sy kinders, dat sy Wet in ons kom om te wil sowel as om te werk. Daardie goeie werke wat Sondag 32 van praat is Christus se werk in ons.

Christus staan in aansluiting by Sondag 24 waar ons ook oor goeie werke gehandel het. In Sondag 24 het dit nog gegaan oor hoe kan ons voor God regverdig gereken word. Dit wat Sondag 23 duidelik gemaak het dat aan God se geregtigheid moet daar voldoen word. Daardie volkome geregtigheid kan ons met ons goeie werke nie eers 'n skilletjie verdien nie. As ons goeie werke iets moes verdien, dan sou dit volmaak moes wees en nou weet ons hoe vêr staan ons daarvan om iets van ons werk volmaak te noem. Baie vêr! Ons kan ook sê in Sondag 24 gaan dit oor ons regverdigmaking. Nou gaan dit oor ons heiligmaking. Ons is nie net geregverdig nie, maar God *heilig* ons ook! Dit is wat ons hele lewe lank in beslag neem. Die heiliging- of dan nou ook die daaglikse bekering dit duur ons hele lewe lank. Sondag 32 beaam alles wat in Sondag 24 alreeds bely was, ons ellende waar ons sonder enige verdienste alleen uit genade verlos kon word, maar steeds het die vraag bly terugkom maar waarom dan nog van goeie werke praat?

Dit moet ons juis nie soos die Roomse verstaan dit wat hulle goeie werke noem is juis slegte werke. Daar moet werklik na die boom van alles teruggekeer word, ons kan selfs sê dat daar na die boom van die lewe teruggekeer moet word. Sekere dinge staan gewoon as deel van God se orde en ons is geneig om so die logiese orde van hoe God werk mis te vat. Klippe as dit val, gaan dit grond toe, dit is die orde, as iemand van kurkdroë water praat, dan sal jy lag, water kan nie kurkdroog wees nie, dit is gewoon die orde waarbinne water staan. Die orde van goeie werke is met die boom van die lewe verbind. Die orde wanneer Christus Self dit so duidelik maak dat 'n goeie boom nie slegte vrugte sal voortbring nie- Matt7:5-19 is tog baie duidelik Gelowige mense sal vrugte van geloof voortbring. Wanneer of die boom slegte vrugte dra of die boom dra geen vrugte nie- Lukas 13:6-9 se boom, dan is dit dinge wat mens byna wil sê vanselfsprekend staan, want God se orde staan so duidelik vir menseleuens dat mens op geen manier ander antwoorde kan vind as wat in die Kategismus hier staan nie.

As God jou lewe nuut maak, jy word deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, dan stel die Kategismus dit na 4 kante toe waarom jy dan goeie werke sal doen. God moet deur ons geprys word. Ons kan hierdeur 'n vaste en sekere geloof hê, in die derde plek moet ons hierdeur ons naaste vir Christus kan wen. En laastens wie in 'n ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie sal die koninkryk van God nie beërwe nie.

God voer sy werk in ons net verder en verder. God wat ons in Christus gekoop het en tot sy ewebeeld vernuwe het nie net die plig tot goeie werke daargestel nie, maar ook om die goeie te wil doen, dit wek God in ons. Die krag om dit enduit te doen dit het ook Hy alleen in ons geskep. God wat alles doen, Hy alleen! Vanaf Golgota, maar ook die volle Paasgebeure, tot en met Pinkster kan altyd in twee woorde saamgevat word. Jy is gekoop en jy is vrygemaak om die goeie te kan doen. Ons het eintlik geen verskoning meer nie. Goeie Vrydag was gewees, daarom *moet* ek die goeie doen, dit het Paasfees geword, daarom *wil* ek die goeie doen, dit was Pinkster gewees, daarom *kan* ek die goeie doen!

Ons moet in Christus al méér word wat ons reeds in Hom is. Die rank van die wingerdstok is op sigself eintlik maar 'n nuttelose stukkie hout, jy kan nie eers jou jas daaraan ophang sou die wingerdrink as stukkie hout 'n muur ingekap word nie, maar watter wonder die stukkie hout wat op sigself so min werd kan wees, juis hierdie rank dra die vrugbare vrug van die wynstok. God het ons daarvoor geroep. Daarom het God ons ook voorberei, om as kinders van sy lig te wandel. Dit gaan nie maar net om dankbaarheid teenoor mekaar te bewys nie, maar ons moet vir God dankbaar wees.

Christus het nie net in ons plek gesterf nie, maar Hy het ook in ons plek hier op aarde geleef- Hy het in volle gehoorsaamheid aan God se Wet geleef. Christus het vir u en my 'n nuwe lewe verdien. Ons roeping wat ons moet aanvaar is om deur die geloof heilig te lewe. Dit werk soos wanneer ons oor die vergiffenis van ons sonde praat. Ek kan dit alleen ook deur die geloof verkry. Om nie maar net dankbaar te wees nie, maar om hierdie dankbaarheid werklik te bewys, kan alleen ook net deur die geloof geskied. Petrus het die gemeentes in klein-Asië ook só gewaarsku- *...wees nugter en hoop volkome*

op die genade wat julle deel word... Eers daarna, vanuit die genade wat ons deel word, gee Petrus dan ook die opdrag dat ons heilig moet word- 1 Petrus 1:15- *Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word...* Ons lees ook in 1 Petrus (vv 18-19) hoe Christus ons losgekoop het van ons vroeëre ydele lewe. As dit nie was dat ons nou aan Hom behoort nie dan sou ons altyd maar net weer sondig. Dankbaarheid sou nooit in ons lewe gestalte kon kry nie. Dit is 'n heerlike roeping, iets soos voor die sondeval. Om weer die werke te doen waarvoor die mens aanvanklik deur God gemaak is. Hoe duidelik staan dit hier in Petrus dat ons in ons hele lewenswandel heilig moet wees. Ons word aan God gewy deur sy genade, die Heilige Gees neem die regering van ons lewe oor. Hulle van wie die Kategismus hier praat ontvang ook 'n gereinigde gewete, om dan so heilig voor God te lewe.

By ons doop was dit Sondag 32 wat gespreek het as daar oor die kindjie die belofte kom, dat wanneer ons gedoop word in die Naam van die Heilige Gees dan belof die Gees ons dat Hy ons wil laat deel in alles wat ons in Christus het; dit is die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwe van ons lewe. In Sondag 12 is daar ook geantwoord na die vraag – *waarom word jy 'n Christen genoem?- deur die geloof is ek 'n lid van Christus en daardeur deel ons aan sy salwing, sodat Ek sy Naam kan bely...* en toe reeds het ons dit al kon bely, dit wat nou in Sondag 32 in die sentrum staan- *dat ek myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy...* Om só in Christus te wees, ons deel in Hom, ons deel in sy salwing, dit kan nie anders as een so in Hom deel dat dit op goeie werke moet uitloop nie. Al sit ek my nog teen, dan sal hy ons na die goeie beweeg. Die vuur wat in Christus is, Christus se eie hart wat brand in liefde vir God die Vader, Hy wat God boweal liefhet, maar Christus betrek elk van sy kinders in Sy liefde vir die Vader. Jy word soos 'n offer vir God, 'n lewende dankoffer- dit gebeur wat ons in Rom 12 ook lees- *dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens...*

Die liefde van Christus wat in ons hierdie ontsettende vlam van God laat brand, hierdie vuur waarmee ons belydenis ook ons inbrand, dit begin aan ons die werklikheid van die dinge te toon wat ons nie kan sien nie. Baie van hierdie dinge wat ons net deur die geloof

kan verstaan en net deur die geloof kan ons daarvan seker wees. Deur Christus se liefde wat my tot goeie werke dwing gee Christus eintlik aan ons die bewys van die waarheid van die onsienlike dinge. In die goeie werke maak Christus deur die krag van sy Heilige Gees die onsienlike wêreld, maar ook die kragte van die toekomstige wêreld sigbaar.

Christus dink ook aan hulle wat naby aan my is. In die goeie wat Christus doen, is die liefde vir God en die liefde vir my naaste onstuitbaar. In die goeie wat Christus deur ons doen – of soos ons belydenis dit stel- *sodat ons deur ons godvresende lewe ons naaste vir Christus kan wen-* dit is alles die goeie werke wat op die einde die kerk in staat stel om die krag van Christus se verlossing aan die wêreld te bewys. *Die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus...* Die evangelie van die kruis is vir baie dwaasheid en swakheid, maar tog bewys Christus dat die evangelie is die krag van God en die wysheid van God. Elke goeie werk wat ons doen, is 'n bewys van die krag van God. Die Woord van die kruis mag na dwaasheid lyk maar in ons goeie werke word die wysheid van God geopenbaar.

God maak ons bekwaam tot goeie werke. In die kerk van die Here moet daar vrugtebome wees, nie maar net sierplante nie. Die skade wat naam-christene veroorsaak is so groot. Hoe baie is daar wat leef asof God oor die goeie nie ernstig is nie. Asof ons maar eenkant met die wêreldse gees mag saamgaan maar tog ook wil voorgee dat ons godsdienstig is. Baie wat twee here wil dien wat nie kan gebeur nie.

Wie werklik die noodsaak van goeie werke besef om aan God sy dank te toon en om God te prys besef dat goeie werke gaan in wese eintlik om God, om onself en om ons naaste. Ons dank en prys God vir sy weldade, vir onself is daar geloofsekerheid in goeie werke opgesluit. Uit die vrugte van die geloof kan ons sekerheid verkry. Geloof sonder goeie werke is nie werklik geloof nie. Geloof sonder goeie werke is 'n dooie geloof. 'n Ware geloof sal vrugte dra (Jak 2:14,17). Waar dit ook om ons naaste gaan, kan ons ons naaste deur ons goeie werke vir Christus wen. Die teenoorgestelde kan ook gebeur. Deur nie die goeie te wil doen nie, word ander mense afgestoot. Slegte werke deur iemand te wees sonder selfbeheersing, deur te lewe asof ek nie ander mense in ag moet neem nie, gou

kwaad te word, daar is so baie werke, slegte werke van die vlees wat alles behalwe sal dien om my naaste vir Christus te wen. Kyk maar na die lys van slegte werke wat in V/A 87 staan. Werke wat mense uit die koninkryk van God uitsluit, want wie met 'n goddelose ondankbare lewe volhard, mense wat willens en wetens hulle nie tot God wil bekeer nie, hulle sal die koninkryk van God nie beërwe nie. Hier besef ons ons aanspreeklikheid vir mekaar. As ons besef ons is mekaar se wagters, dit wat Kain vir die Here uitdagend vra...*is ek my broer se wagter?* Ja, ons moet dit wees, ons is veronderstel om wagters vir mekaar te wees.

Waar ons na hierdie Sondag besef hoe God my roep tot goeie werke, hoe God my bekwaam maak om die goeie te doen, hoe ek bereid moet wees, ek moet myself kan verwerdig toe die goeie, laat ons die goeie doen. Die Heilige Gees, God, maak jou bekwaam en nou moet jy dit vir God werd wees om vir Hom te werk. Christus wat deur sy Gees jou tot sy ewebeeld wil vernuwe, dank God, prys die Here daarvoor, laat die sekerheid in jou méér word... **om vir onself uit die vrug van ons geloof sekerheid te verkry....**want moet nooit vergeet nie, as jy 'n kind van God is dan word daar na jou gekyk, dan verwag die Here van jou dat jou lewe ander lewens vir God moet kan wen. Dit alles kan natuurlik net moontlik wees as daar by my bekering plaasvind. Daarom sal ek en jy in Sondag 33 ten volle met bekering gekonfronteer staan.

AMEN

Vrae uit Sondag 32

1. Waaroor handel die derde deel van die Kategismus?
2. Noem die wyse waarop iemand ons lewe en werke van dankbaarheid verkeerd kan verstaan en daaruit dwaling kan voorkom?
3. Op watter wyse kan ons die volle Kategismus met 'n boom vergelyk?
4. Hoe moet ons die verhouding tussen Christus se verlossing en ons wat dankbaar moet wees verstaan? (Kyk begin p.2).
5. Wat weet jy van die woord dankbaarheid?
6. Hoe moet ons die verhouding tussen die evangelie van God en die Wet van God verstaan?
7. Watter afleiding moet ons maak wanneer ons Sondag 24 met Sondag 32 van die Kategismus vergelyk?
8. Op watter wyse het Christus dit duidelik gemaak dat 'n ware geloof noodwendig (eintlik vanselfsprekend) op goeie werke sal uitloop? (Vgl. einde p.3 en begin p.4)
9. Noem die 4 redes aan die begin van p.4 waarom ons goeie werke moet doen?


10. Wat is die twee dinge (twee werke) wat God gedoen het, dat jy die goeie **moet** en **kan** en **wil** doen? (vgl. p.4).
11. Wat bedoel ons daarby as ons sê dat Christus het nie net in ons plek gesterf nie, maar Hy het ook in ons plek gelewe? (vgl. einde p.4).
12. Is dit moontlik om dankbaarheid sonder 'n ware geloof te betoon? (Motiveer)
13. Kan 'n ware kind van God hom waarlik volhoubaar teen God bly verset om nie die goeie te doen nie?
14. Op watter wyse kan jou goeie werke ook vir jôu naaste belangrik wees?
15. Wat bedoel ons as ons sê dat in die Kerk van God moet daar vrugtebome wees en nie maar net sierplante nie?
16. Watter gevolge is daar as ek nie goeie werke doen nie, maar slegte werke doen?
17. Is daar waarde in goeie werke wanneer ons oor geloofsekerheid handel?
18. Jy as kind van God wat moet jy altyd weet wanneer ander mense na jou kyk?

Die Dankbaarheid Wat Ons Aan God Vir Die Verlossing Verskuldig Is Sondag 32 tot 52

Goeie werke Sondag 32 en 33

SONDAG 32

86. Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?



87. Kan dié mense dan nie salig word wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

Nee, glad nie

Die Skrif sê dat hulle nie die koninkryk van God sal beërwe nie

Wie? onkuise, afgodsdienaar, egbreker, dief,	gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes
--	---

